

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
18 Maart 1979

Onderwerp: Simson
Vir Kinders en Jongmense

Lees: Rigters 13 verse 1 tot 5 en 24
Rigters 16 verse 1 tot 5 en 16 tot 30

Teks: Rigters 13 verse 3 en 5
Rigters 16 verse 4 en 17

Sing: Gesang 183 verse 1 tot 3
Gesang 63 verse 1, 2 en 4
Gesang 225 verse 2 en 4

“Simson was een van die interessantste figure in die Ou Testament. Hy prikkel ’n mens se verbeelding en vul jou met bewondering. As kinders het ons dit geniet om na sy verhale van kragvertoon te luister. Hoe hy by Timna ’n jong leeu verskeur het. By Gasa het hy die traliehekke van die stadspoort opgeraap en soos ’n drag vuurmaakhout buite die stad neergegooi. Hoe hy by geleentheid ’n duisend Filistyne met ’n kakebeen van ’n esel doodgeslaan het. By Gasa het hy sy arms om die stutpilare van Dagon se tempel gesit en die gebou inmekaar getrek en so meer Filistyne gedood as wat hy in sy lewe gedood het.

“Simpson was ’n wonderlike man, ’n held vol bekoring! En tog terselfdertyd ’n groot raaisel. Hy was ’n man met ’n lewe van onverklaarbare kontraste, ’n ware gesplete persoonlikheid met God in sy hart en die Duiwel in sy vlees. Aan die eenkant was hy ’n Rigter, kragmens en held. Aan die anderkant was hy ’n eiesinnige man met ’n swakheid vir mooi vroue.

“Broers, Susters en Kinders, hierdie man, Simson, het ’n boodskap vir ons. ’n Mens se lewe is die produk van sy lewenskans en lewenskeuses. Lewenskans is belangrik, maar lewenskeuses bepaal ’n mens se lewe.

“Rigters 13 vertel ons van die groot kans wat Simson in sy lewe gehad het. Die eerste kans was toe hy in die kinderlose huis van Manóag gebore is deur Goddelike beskikking, teen die gang van die natuur en teen alle verwagting in. Dit was ’n verbondshuis, waar hy van kleins af ’n ideale opvoeding ontvang het.

“Sy tweede kans was dat hy van kleins af as ’n nasireër grootgemaak is, dit wil sê as eiendom van God.

En as sodanig was sy ganse lewe aan die diens van God gewy.

“Sy derde kans was die geleentheid wat hy ontvang het om as Rigter sy volk, Israel, van die juk van Filistynse oorheersing te verlos. Hy was in die posisie om ’n diens aan sy volk te verrig, waarvan hulle sou sing en in hulle geskiedenis eervolle melding sou maak.

“Die sinryke naam Simson, wat beteken ‘sonnig en sterk’, het gesprek van al sy kanse in die lewe.

“Jy sou kon dink dat jy jaloers moet wees en droom oor wat jy alles met sulke pragtige geleenthede kan maak. Maar dit is nie nodig nie. Ons het self net sulke wonderlike lewenskanse as Simson.

“Om gebore te word en as ’n beelddraer van God te lewe, bly altyd ’n wonderlike kans in jou en my lewe. Kyk ’n oomblik en vergelyk juisself met jongmense en kinders in ander dele van die wêreld, veral in die res van Afrika. Kyk na jou ouerhuis, jou familie, jou maatskaplike en sosiale omstandighede en jou opvoeding. Kyk rondom jou na alles wat jy op materiële gebied kan geniet. Kyk na jou geestelike voorregte en jy sal beseef dat jy net soos Simson, ’n sonnekind is.

“En wat van jou doop, toe God sy hand op jou hoof gelê het en gesê het: ‘Jy is Myne’? En wat van jou Christelike opvoeding in ’n verbondshuis, die Kerk en Sondagskool? En wat van al die geleenthede waar die Here jou pad gekruis het en jou geroep het tot ’n lewe van bekering en toewyding aan Hom? Toe Hy jou geleentheid gegee het om vir Hom te getuig; en om Hom te verheerlik in woord en daad, en alles wat jy doen? Om sy dissipel, sy medewerker te wees? Dit is wonderlike kanse om ook ’n nasireër van God te wees, ’n Simson, ’n sonnekind.

“Dink nog hierby aan jou kanse tot diens aan jou volk. Donker wolke pak saam op ons horisonne. Die swart reus van Afrika het wakker geword en begin ons gewetenloos aanval. Daar is ’n naderende krisis. En in hierdie tyd dink ons aan Jan van Riebeeck, die Voortrekkers en Paul Kruger, wat die geleentheid tot nasiediens gehad het. Maar hulle het hulle kans gehad. Nou word aan elkeen van julle die kans gebied. Julle is die mense wat in die dae wat kom aan die roer van sake sal staan. Julle sal beslissings moet vel en die koers moet aandui en die erwe van die vaders as erwe vir die kinders moet deurgee. Julle is die sonnekinders wat naastediens in hierdie tyd kan lewer waarvan die nageslagte van dankbaarheid sal sing. Met ander woorde julle het nou die kans om die volgende

hoofstuk van ons land se geskiedenis te bepaal. En dit sal sweet en moontlik bloed kos.

“As Simson se lewenskans groot was, dan is julle lewenskans net so groot, lokkend en uitdagend. Dit is julle Godgegewe kans.

“Maar nou is die mens nie ’n masjien of ’n robot nie, maar ’n wese met ’n eie wil. Die mens is nie ’n pion wat deur die groot hand van die noodlot meedoënloos op die skaakbord van die lewe heen en weer gestoot word nie. Maar hy is as beeldraer van God ’n redelike, sedelike wese wat kan kies, wat moet kies en wat voortdurend kies. Die volwassenes wat vanmôre hier is, weet dit uit ondervinding.

“Aan elke mens is kans gegee. Elke kans word deur keuse ’n werklikheid. En as ons kans in die lewe belangrik is, dan is ons keuses bepalend. Dit is hier waar Simson ons ’n tweede les geleer het.

“Simson het ’n ruk later verlief geraak. Ons lees: ‘Daarna het hy ’n vrou in die dal Sorek liefgekry, wie se naam Delíla was.’ (Rig 16:4) Delíla beteken ‘neergolwende haarlokke’. Dit is ’n sinnebeeld van haar lis en verleiding.

“Al was hy in ’n verbondshuis gebore en opgevoed, kon en moes hy nog kies met wie hy in die huwelik sou tree. Sou dit iemand uit ’n verbondshuis wees? Al was hy van moederskoot af ’n nasireër van God, kon en moes hy kies of hy wel sy lewe aan God sou wy of nie. Al was hy ’n Rigter, kon en moes hy kies of hy wel sy lewe aan die diens van sy volk sou wy of nie. Simson kon kies, moes kies en hy het gekies.

“Die nasireër van God, met sy Rigterskroon en sewe haarlokke al spelende op sy skouers, het saans na die huis van die vrou van verleiding gestap. Toe hy die grendel van haar deur in sy hand gevat het, het hy nie gedink aan sy Godsvresende Vader se gebede; of sy Moeder wat vermaan en gepleit het nie. Óf die hand van God op hom as nasireër wat vir hom van moederskoot af gesê het: ‘Jy is myne’ nie. Óf sy volk wat gebukkend gegaan het onder die Filistynse juk nie. Hy het in stede gedink aan verleidelike Delíla op haar bed. Daar het Simson die sonnekind gestaan teenoor Delíla die golwende haarlok. Simson moes kies. En hy het gekies en sy lewenskans verspeel.

“Ons lees: ‘En hy het sy hele hart aan haar bekend gemaak en aan haar gesê: Daar het nooit ’n skeermes oor my hoof gekom nie, want ek is ’n nasireër van God van my moeder se skoot af: as ek geskeer sou word,

sou my krag van my wyk en ek swak word en wees soos al die mense.’ (Rig 16:17)

“Hy het gekies en vreeslik was die gevolge. Terwyl hy rustig in die skoot van Delíla geslaap het, het die skêr saggies deur sy haarlokke gegly en hom beroof van die teken en seël van die krag en hulp van God. Toe hy die môre deur die geraas van die naderende Filistyne uit sy bedelmende slaap ontwaak het, het Delíla hom gewaarsku: ‘Die Filistyne op jou, Simson! En toe hy uit sy slaap wakker word, sê hy: Ek sal vry uitgaan soos die vorige kere en my losruk. Want hy het nie geweet dat die HERE van hom gewyk het nie. Daarop het die Filistyne hom gegryp en sy oë uitgesteek en hom afgebring na Gasa en met koperkettings gebind; en hy moes maal in die gevangenis.’ (Rig 16:20,21)

“Hy het gedink hy sou hom losruk en soos die vorige kere vry gaan. Maar sy oë het verstar en sy hande het magteloos langs sy sye geval met die pynlike en brandende gewaarwording dat sy krag hom verlaat het. Hy was alleen. Hy het God verloor. Hy moes as hulpelose swakkeling vir die Filistyne in Dagon se tempel speel. Hoe pateties. Die sonnekind se son het onder gegaan.

“Teenoor die Simson van die Ou Testament staan die Simson van die Nuwe Testament, Jesus Christus. Ook sy geboorte was ’n Godgegewe kans, sonder aardse vader en in weerwil van Herodus se moord-aanslag. Te midde van al die versoekings en aanslae van die Duiwel het hy getrou gebly aan sy nasireërskap en God end uit gedien totdat Hy kon verklaar: ‘Dit is volbring!’ (Joh 19:30) Die werk wat God Hom gegee het, het Hy volbring. Sy kans as Verlosser van sy volk het Hy met sy eie bloed verseël. Hy het sy lewenskans voluit benut.

“Soos Simson, waarsku Jesus Christus ons dat ook ons lewenskeuses bepalend is. Maar Hy maak ook ’n aanbod: ‘Ek wil jou onderrig en jou leer aangaande die weg wat jy moet gaan; Ek wil raad gee; my oog sal op jou wees.’ (Ps 32:8) Ek sal jou help en jou krag gee, sodat jy tot alles in staat sal wees. Sodat jy reg kan kies en van jou lewenskans wonderlike lewenswerklikhede maak.

“En wat as jy vanweë jou menslike swakhede ’n oordeelsfout begaan? As jy tog aan jou verantwoordelikhede ontrou raak? As jy soos Simson op ’n stadium verkeerde keuses maak? Wat dan?

“Die Skrif leer duidelik dat die gevolge wrang kan wees. Simson se krag het hom verlaat. Sy oë is uitgesteek en hy is in die tronk gegooi.

“Maar die Skrif leer ook: ‘Maar die hare van sy hoof het weer begin groei’. (Rig 16:22) Ten spyte van sy ontrouheid, het God getrou gebly. Sy genade het nie verander nie. Hy het Simson weer ’n kans gegee. Paulus skryf: ‘As ons ontrou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie.’ (2 Tim 2:13) Vlug na Jesus Christus toe.

“Lewenskans is belangrik, maar lewenskeuses bepaal. Onthou: Kies reg. Kies altyd reg en volhard. Onthou ook dat God genadig is. Hy laat die hare van die nasireër weer groei. Hy gee ons nog ’n kans.

“Amen.”